
# HULDEBLYK T.T. CLOETE (31-05-24 – 29 -07-15)

HEILNA DU PLOOY[1]




*T.T. Cloete Foto argief*

T.T. Cloete, wat op 29 Julie 2015 op 91-jarige ouderdom oorlede is, was onteenseglik een van die merkwaardige figure van die Afrikaanse letterkunde. As literator, kritikus, digter, dramaturg, prosaskrywer en psalmomdigter (min of meer in chronologiese volgorde) het hy oor jare 'n unieke reputasie opgebou. Sy bydrae is selfs nou met sy afsterwe nie afgehandel nie, want daar is nog verskeie voltooide manuskripte in sy rekenaar. Hy het letterlik tot aan die einde van sy lewe voluit vorentoe geleef: hy het nog reise beplan, besoeke gereël en uitgesien na alles wat hy nog wil doen en skryf.

Cloete het altyd gepraat van die gewoonheid van sy herkoms hoewel dit op 'n merkwaardige plek gebeur het. Hy is gebore op 24 Mei 1924 op 'n doodgewone plaas in die Vredefortkoepel wat eers later as 'n wêrelderfenisgebied verklaar is omdat die grootste meteoriet ooit, meer as 2 miljard jaar gelede, hier die aarde getref het. Sy universiteitstudie is aan die einde van sy eerstejaar onderbreek toe hy polio opgedoen het en twee jaar lank aan sy bed gekluister was. Hierdie gebeurtenis het sy lewe gemerk. Die nagevolge van die polio was 'n rugverkromming en periodieke rumatiese aanvalle. Hy het dus sy lewe lank pyn ervaar en moeilik beweeg.

In 1945 het Cloete opnuut begin studeer aan die Potchefstroomse Universiteit en dit is ook

[1] Prof. Heilna du Plooy van Noordwes-Universiteit is 'n seniornavorser in Afrikaanse Letterkunde.

hier waar hy grootliks sy meer as dertigjaar lange akademiese loopbaan as professor in Afrikaans en Nederlands en Literatuurwetenskap deurbring. In 1949 vertrek hy na Nederland waar hy aan die Gemeentelijke Universiteit van Amsterdam onder leiding van N.P. van Wyk Louw promoveer met 'n proefskrif oor Totius. Die doktorale studie en twee latere uitnodigings na Nederland (1963 en 1973) was vir hom 'n blywende kosbare herinnering en hy voer dan ook dikwels 'n gesprek met die Nederlandse letterkunde in sy poësie.

Op 56-jarige ouderdom debuteer Cloete as digter. Hy het al sedert sy twintigerjare gedigte geskryf maar wou nie publiseer nie omdat hy te veel opgesien het na figure soos Van Wyk Louw en Opperman. Toe hy eenkeer weer erg siek was, het sy vrou, ter wille van die terapeutiese uitwerking daarvan, hom aangemoedig om van die gedigte in die laaie en lêers af te rond en na 'n uitgewer te stuur. D.J. Opperman was die keurder van die manuskrip van die bundel *Angelliera* (1980) en hy het dit beskryf as "koningskos". Daarna het Cloete se bundels met gereelde tussenposes bly verskyn totdat daar uiteindelik tien bundels gepubliseer is. Daarby het hy van 1991 tot 2001 gewerk aan die nuwe omdigting van al die psalms wat in Afrikaanse kerke gebruik word. In 2013 verskyn die boek *Die ander een is ek* en daarin beskryf Cloete sy hele lewensfilosofie en sy siening van die digkuns. Hy doen dit deur gebeure in sy eie lewe as vertrekpunt te gebruik en verder daarop uit te brei sodat die boek iewers tussen 'n outobiografie en 'n akademiese werk lê.

T.T. Cloete het baie pryse en ander toekennings van verskillende instansies ontvang, onder meer 10 literêre pryse wat die Hertzogprys (twee keer) en die W A Hofmeyrprys (drie keer) insluit.

Wat sy kreatiewe skryfwerk betref, sal Cloete onthou word vir die tegniese vindingrykheid van sy gedigte. Die geweldige verskeidenheid van temas wat in sy digbundels aan die orde gestel word, maak ook sy werk uitsonderlik. Hy word dikwels "a poet's poet" genoem omdat mededigters so 'n groot respek en waardering vir sy virtuositeit het, maar hy het ook oor die jare baie briewe van gewone lesers gekry wat gaande is oor sy gedigte. Die sterkste eienskap van sy oeuvre as geheel is die onderliggende siening dat die mens buitengewoon begenadig is omdat hy 'n spirituele wese is. Ons is gemaak van vlees en been en bloed, ons eet kos en leef in 'n fisies-konkrete wêreld en tog kan ons die kunste beoefen en verstaan, kan ons musiek hoor, gedigte skryf en lees, kan ons skilderye waardeer en veral kan ons liefhê. Die transformasie van die konkrete aspekte van ons lewens tot abstrakte vermoëns, het Cloete eindeloos geboei. En die merkwaardige wat daarby kom, is dat hierdie abstrakte dinge, die musiek, die verse, die skilderye en veral die liefde, die mens in sy fisiese vorm oorleef en inderdaad buite tyd te staan kom.

T.T. Cloete het by geleentheid gesê skryf is vir die digter soos swem vir 'n haai. Die oomblik wat die haai ophou swem, versmoor hy en so kry die digter sy lewensasem uit die skryf van verse. En tog het hy verse geskryf waarin hy sê dat sy geliefdes vir hom veel meer werd is as die poësie.

T.T. Cloete was 'n ware intellektueel, 'n belese en beleë akademikus en skrywer, maar hy was ook 'n warm en gesellige mens, lief vir sy gesin en sy familie en lojaal teenoor sy vriende. Kuiergaste was altyd welkom en in sy geselskap is daar altyd baie gelag en gepraat, maar hy kon ook vurig standpunt inneem oor dinge wat hom na aan die hart gelê het.

Hy het dikwels ironiserend oor homself geskryf, oor sy mankemente en hebbelikhede. So

het hy al in 1985 in die bundel *Allotroop* sy eie begrafnis beskryf in die gedig "in memoriam herman." Hy het ook vertel hoe hy tydens die werk aan die Psalmomdigting een oggend in die tuin gaan rondloop het omdat hy gesukkel het met die vloekpsalms. Uiteraard is dit nie maklik om hierdie argetipiese wraakpsalms met Afrikaaanse woorde in Geneefse melodieë in te pas nie. Juis toe word die pos afgelewer, waaronder ook sy belastingaanslag. Teen skemer die aand was die vloekpsalm moeiteloos voltooi.

Al was Cloete nie liggaamlik sterk nie was hy taai, met 'n gees wat steeds opgewek en gestimuleer, "onversadig", was. Dit word dan ook die voorlaaste bundel se titel. Sy eie fisiese gebreke het hom bewus gemaak van die mens se liggaamlikheid as voorvereiste vir sy bestaan, en daarom is daar van sportgedigte tot gedigte oor die skoonheid van Beatrice en Marilyn Monroe. Cloete het geteken met woorde en baie van sy gedigte vertoon verskillende vorme van ikonisiteit. Van sy mooiste en treffendste gedigte gaan egter oor sy geliefde vrou, Anna, wat in 2007 oorlede is. Hy het ook vandat sy siek geword het, briewe aan haar geskryf en dit volgehou tot met sy eie dood. Hierdie briewe verskyn binnekort in boekvorm.

T.T. Cloete verpersoonlik vir my die ideaal van die intellektuele mens, iemand met 'n dors na kennis en insig, met daardie "heilige nuuskierigheid" waarvan Einstein gepraat het. Daarby het hy die gawe van menslikheid en kreatiwiteit in oormaat gekry sodat alles wat hy geskryf het in poëtiese vorm 'n veel wyer betekenis en trefkrag verkry het.

In hom verloor die Afrikaanse literatuur, die taal Afrikaans, Suid-Afrika, Potchefstroom, vriende en kollegas en veral sy familie 'n geliefde mens en 'n groot gees.